**Die Here daal neer op Sinai (OP173)**

**Eks 19:9-25**

**5 Mei 2024**

Laasweek het ons na Eks 19:1-8 gekyk. Ons het gesien dat die volk by Sinai aangekom het – in lyn met die belofte van die Here aan Moses destyds by die brandende doringbos. Ons het ook gekyk na die eerste besoek van Moses aan die Here op die berg Sinai. Die Here het daar aan Moses 'n boodskap gegee wat hy aan die volk moes gaan oordra. Die inhoud van hierdie boodskap was dat die Here alreeds die volk uit Egipte verlos het en hulle op arendsvlerke gedra het tot by Hom, hier by Sinaiberg. Die Here het egter steeds groter planne met die volk: Hy wil hulle Sy kosbaarste besitting in die hele skepping maak. Hy wil hulle ook 'n koninkryk van priesters maak. In hierdie koninkryk sal Hy die Opperkoning wees, maar hulle sal saam met Hom regeer. Hy sal ook die Ware Hoëpriester voorsien, maar hulle moet ook as priesters hulleself aan die Here wy. Boonop wil die Here hulle ook 'n heilige nasie maak. Vir die volk om werklik te kan deel in hierdie ryk beloftes van die Here, was dit egter nodig dat hulle moet luister na Sy stem, dus na wat Hy vir hulle sê, en boonop moet hulle ook Sy verbond nakom, d.w.s. hulle moet doen wat Hy van hulle verwag. Die volk het eenparig hierop gereageer en gesê: "Alles wat die Here gesê het, sal ons doen". Vers 8 het afgesluit met Moses wat die antwoord van die volk na die Here geneem het.

Vandag wil ek stilstaan by die res van Eks 19. In hierdie gedeelte lees ons van nog twee keer wat Moses teen die berg opgegaan het, en ook van die Here wat na die berg neergedaal het. Dit alles dien as voorbereiding vir Eks 20:1 waar ons lees: "Toe het God al hierdie woorde gespreek ...", en daarna volg die aankondiging van die wet van die Here. Ons kyk dus na die volgende drie punte vandag: (1) Moses se tweede ontmoeting met die Here op die berg (Eks 19:8b-15), (2) Die Here daal op die berg neer (Eks 19:16-19), en (3) Moses se derde ontmoeting met die Here op die berg (Eks 19:20-25).

<u>Moses se tweede ontmoeting met die Here op die berg (Eks 19:8b-15)</u>

In vers 8b lees ons dat Moses die antwoord van die volk om alles te doen wat die Here gesê het, na die Here teruggeneem het. Ek dink ons kan aanvaar Moses moes opgewonde gewees het om hierdie positiewe antwoord na die Here te neem. Lees Eks 19:9. Maar, nog voor Moses die antwoord aan die Here kan oordra, praat die Here met Moses: Die Here sê vir Moses Hy gaan in 'n digte wolk na Moses toe kom. Let op, die Here onderneem om na Moses persoonlik te kom. Dit moes sekerlik een van die hoogste eerbewyse gewees het toe die Here onderneem het om na Moses as persoon te kom. Ek sal later iets meer sê oor die betekenis van die wolk waarin die Here na Moses sou kom. Maar die Here het 'n doel met Sy koms na Moses: Sodat die volk kan hoor wanneer die Here met Moses praat, en hulle gevolglik dan ook vir altyd Moses kan vertrou. Ons weet dat die Here nog baie keer met Moses sou praat, en deur hom met die volk sou praat. En die Here wou hê die volk moes oortuig wees dat wanneer Moses met hulle praat, praat hy met hulle omdat die Here met hom gepraat het. Weereens sien ons Moses in die rol van 'n profeet wat die wil van die Here aan die volk bekend maak. En weereens is Moses 'n tipe van die Here Jesus: Onthou Joh 17:8 waar Jesus bid en sê dat Hy die woorde van die Vader aan die dissipels bekend gemaak het – en hulle het dit aanvaar en werklik besef dat Hy van die Vader afgekom het. Hulle het geglo die Vader het Jesus gestuur. Netso kom die Vader na Moses en praat met hom sodat die volk kan weet die Here het hom gestuur, hulle kan hom vertrou.

Dit is eers na die Here hierdie eer aan Moses betoon het, dat Moses die geleentheid kry om aan die Here oor te dra dat die volk onderneem het om alles te doen wat die Here gesê het. Wat ons moet

raaksien is dat die volk in verse 7-8 ‘n impuls gehad het om positief te reageer op die ryk beloftes van die Here wat Hy tydens Moses se eerste besoek aan die Here op die berg gegee het. Maar die Here verwag baie meer as net ‘n impuls van gewilligheid om te doen wat die Here sê. Die Here wil dat dit ‘n leefwyse moet word – dit moet hulle verstand en hulle harte en hulle wil vul en beheers. Motyer sê hulle moet dit met hulle verstand verstaan, hulle moet dit in hulle harte liefhê en hulle moet dit wil gehoorsaam. Dink aan Saulus op die pad na Damaskus: toe hy tot bekering gekom het, het die Here vir hom gesê om na die stad te gaan – en daar sal vir hom gesê word wat hy moet doen. Netso is die Here hier op die punt om vir die volk te sê wat hulle moet doen.

Lees Eks 19:10-11. Weereens het die Here ‘n doel gehad met Moses se tweede besoek: Die doel was dat die volk die nodige voorbereidings moet tref, want op die derde dag sal die Here, voor die oë van die hele volk, op die berg Sinai neerdaal. Die eerste ding wat die Here van die volk verwag is om voor te berei vir Sy besoek aan hulle by die berg – waar Hy verder aan hulle sal bekend maak wat Hy van hulle verwag. Die voorbereiding van die volk moes plaasvind op daardie dag, sowel as op die volgende dag daarna – en dan op die derde dag sou die Here op die berg neerdaal.

Volgens vers 10 lees ons dat die volk hulle moes heilig. Onthou, een van die beloftes van die Here aan hulle was dat hulle ‘n heilige nasie sal word. Ek het laasweek die opmerking gemaak ek dink dit was die hoogtepunt van die beloftes van die Here – die ander beloftes bou op na hierdie belofte van ‘n heilige nasie. Ons het laasweek ook opgemerk heiligmaking volg op regverdigmaking – wat hier volg gaan ons dus meer leer oor heiligmaking. Die volk was reeds gered, ons kan sê geregverdig, maar hulle was nog nie heilig nie. En nou, op die derde dag, gaan die drie maal heilige God neerdaal op die berg hier voor hulle oë – hulle sal hulle moet heilig! Motyer sê as ons dink aan wat dit beteken om heilig te wees, moet ons daaraan dink dat heiligheid beteken om gehoorsaam te wees aan die geopenbaarde waarheid van die Heilige God. En die Here is juis op die punt om aan hulle Sy wil en waarheid te openbaar.

Daar was drie spesifieke aktiwiteite waarop die volk moes fokus in hierdie heiligingsvoorbereiding op die koms van die Here:

- Lees Eks 19:12-13. Hulle moes ‘n grens reg rondom die berg afbaken. Niemand van die volk mog oor hierdie grens rondom die berg beweeg en dus teen die berg opklim nie. Sodoende het hulle die berg afgesonder, of geheilig, as ‘n plek waar hulle nie mog kom nie. As iemand wel oor die grens sou gaan en teen die berg opklim, of selfs net aan die voet van die berg raak – moes so iemand doodgemaak word. Dit was so ernstig, dat niemand eers aan die oortreder mog raak nie. Nee, hulle moes hom óf stenig óf met pyle doodskiet. Dit is belangrik om raak te sien dat die berg nie as sulks heilig was nie – ons lees na die ramshoring geblaas is, kon hulle weer teen die berg opklim. Die berg is dus afgesonder of geheilig bloot omdat die Here op die punt gestaan het om neer te daal op die berg. Dit is die Here wat heilig is, nie die berg nie.

  Wat ons dus hier sien, was dat daar afstand moes wees tussen die Here op die berg, en die volk aan die voet van die berg. Kom ons herinner onsself net weereens aan waar hierdie afstand vandaan kom: Onthou, voor die sondeval in die paradys was daar intieme gemeenskap tussen die Here en Adam en Eva – die Here het hulle selfs in die tuin kom besoek (Gen 3:8). Ons lees niks daar van al soortgelyke voorbereidings as waarvan ons nou hier by Sinai lees nie. Die rede is natuurlik dat Adam en Eva nog nie in sonde geval het nie – daarom kon hulle in die teenwoordigheid van die Here kom. Maar na die sondeval het die Here hulle uit die tuin uitgestuur, en die Here het gerubs by die ingang tot die tuin opgestel

met 'n swaard wat vlam en skitter (Gen 3:24 OAV) – en die doel was juis om te voorkom dat die sondegevalle mens weer kan inkom, want dit sou hulle dood beteken.

En daardie afstand tussen die Heilige God en die onheilige volk is steeds die geval hier by Sinai. Daarom, as die Heilige God op die punt staan om die onheilige volk te besoek, moet daar afstand wees tussen God en die volk.

Tydens die sondvloed en die sluiting van die verbond met Noag het die Here aangekondig Hy stel Sy oordeel oor die onheiligheid van die mensdom tydelik uit, sodat Hy Sy kinders na heiligheid kan lei. Wel, nou wil die Here aan hulle verduidelik hoe lyk heiligheid en wat hulle te doen staan om 'n heilige nasie te word – maar hulle is nog nie heilig nie. En daarom moet daar steeds afstand wees tussen hulle en die Heilige God.

- Lees Eks 19:10, 14. 'n Tweede aspek waaraan die volk moes aandag gee gedurende hierdie heiligingsperiode, was om hulle klere te was. Ons verstaan die beginsel: ons kleredrag dui tog aan waarmee ons besig is. Jy kan uit iemand se kleredrag aflei of die persoon besig is om sport te beoefen, of besig is om in die tuin te werk, of besig is met sy daaglikse werk, of besig is om 'n erediens by te woon. Op die derde dag gaan die volk in die teenwoordigheid van die Heilige God kom – die minste wat hulle kan doen is tog om hulle klere te was in voorbereiding op die ontmoeting.

Maar, geliefdes, alhoewel skoon klere seker 'n aanduiding is van respek vir die heiligheid van die Here, moet ons ook raaksien dat fisiese skoon klere hoegenaamd nie voldoende is om in die teenwoordigheid van die Heilige God te kom nie. Ek is oortuig hier lê baie meer betekenis in. Ek wil julle verwys na die preke oor Gen 2 en 3 van 'n paar maande gelede. Onthou, in Gen 2:25 voor die sondeval lees ons dat Adam en Eva naak was, maar hulle was nie skaam nie. Daarteenoor, lees ons in Gen 3:7 na die sondeval dat hulle besef het hulle was naak, en toe was hulle wel skaam en het vyeblare aanmekaar gewerk om hulle skaamheid te bedek. Die Here het egter aan hulle ander klere gegee – klere van vel (Gen 3:21). Ons kan nie nou weer deur die hele beredenering gaan van die betekenis van hierdie gebeure nie. Ek som dit net kortliks op: Voor die sondeval was Adam en Eva in 'n werksverbond met die Here – hulle moes in gehoorsaamheid al die opdragte van die Here gehoorsaam. Soos wat hulle gehoorsaam was, sou hulle vir hulle klere van geregtigheid verdien – dit is wat die Here van hulle verwag het. Hulle het egter nog nie gevorder daarmee nie – en dus was hulle steeds naak. Dit is hartseer dat hulle nie skaam was nie – want dit beteken dat dit hulle nie ontstel het dat hulle nog nie gevorder het met die Here se opdragte aan hulle nie. Na die sondeval was hulle wel skielik skaam – want nou was dit duidelik dat hulle nie net nie gevorder het met die Here se opdragte nie, nee, hulle was ongehoorsaam aan die Here se wil, hulle naaktheid was nou sigbaar. Hulle antwoord was vyeblare. Die Here het egter vir hulle velklere gegee – die Here het dus onderneem om wel vir hulle klere van geregtigheid te gee. Nou was hulle nie meer in 'n werksverbond met die Here nie, maar wel in 'n genadeverbond. Wat ons nou hier in Eks 19 moet raaksien, is dat die Here weer fokus op die klere van geregtigheid wat die gelowige moet dra, en wat Hy ook aan hulle sal gee. As Hy kort hierna aan hulle Sy wet gee, dan definieer Hy daarmee aan hulle hoe klere van geregtigheid lyk. Gehoorsaamheid aan Sy wet lei tot klere van geregtigheid. Die eindpunt waarna die Here besig is om te werk, is waarvan ons in Op 19:8 lees: Daar lees ons van die bruilofsmaal van die Lam, en ons lees dat gelowiges aan die bruilofsmaal sal aansit terwyl hulle blink klere dra van suiwer fyn linne – en hierdie blink klere is die regverdige dade van die gelowiges. Die punt is: In Gen 2 is die mens naak en nie skaam omdat hy nie vorder met

regverdige dade nie. In Gen 3 beloof die Here egter Hy sal aan hulle klere van vel, oftewel regverdige dade gee. In Eks 19 laat die Here die volk hulle klere was – om hulle te herinner hulle benodig klere van geregtigheid – en Hy gaan nou aan hulle definieer hoe lyk sulke klere. In Op 19 sit die gelowiges aan die bruilofsmaal aan, geklee in klere van geregtigheid.

- Lees Eks 19:15. Daar was 'n derde aspek waaraan die volk moes aandag gee in hulle voorbereiding vir die ontmoeting met die Here: Moenie naby 'n vrou kom nie. Wat ons hieronder moet verstaan, is dat die volk hulle moes weerhou van geslagsgemeenskap, dit is geslagsgemeenskap tussen 'n man en sy vrou binne die huwelik. Wat ons nie hieronder moet verstaan nie is dat die Here geslagsgemeenskap binne die huwelik sien as iets onheilig of sondig nie. Nee, die instelling van die huwelik, ingesluit geslagsgemeenskap binne die huwelik, is 'n heerlike instelling van die Here wat teruggaan na die skeppingsgebeure in Gen 2:24 waar ons lees dat 'n man en sy vrou een vlees sal word. Geslagsgemeenskap tussen 'n man en sy vrou is essensieel vir die groei van die mensdom, dit is essensieel vir God se doel met die skepping om vervul te word: die aarde moet gevul moet word met die heerlikheid van God, en dit sal alleen gebeur as daar baie mense is. Ja, die teenwoordigheid van baie mense is nie voldoende vir God se doel om te realiseer nie, maar dit is essensieel.

  Hoekom was dit dan nodig dat die volk hulle moes weerhou van geslagsgemeenskap binne die huwelik gedurende die drie dae van voorbereiding op die koms van die Here? Wel, die verhouding tussen 'n man en sy vrou is die mees intieme verhouding tussen twee mense. Geslagsgemeenskap tussen hulle twee is een van die mees intense belewings van hierdie intieme verhouding. Gedurende geslagsgemeenskap is die huwelikspaar se fokus uitsluitlik op mekaar gerig: dit sluit hulle verstand, hulle harte en hulle wil in. Alles anders word uitgesluit. Dit is in beginsel goed, en daar is 'n tyd daarvoor – maar nie nou nie: Hulle is op die punt om die Here te sien neerdaal op die berg. Hulle is op die punt om die Here te ontmoet. Hulle verstand, hart en wil moet daarop gerig wees – moet op die Here gerig wees.

  Ons kry iets soortgelyks in 1 Kor 7:5. Lees dit. Paulus gee hier ook die riglyn dat huweliksmaats hulle nie van mekaar moet weerhou nie, behalwe as hulle onderling ooreenkom om dit te doen – maar dan net vir 'n tyd lank, d.w.s. net vir 'n beperkte tyd, en net vir die doel om die tyd te gebruik vir gebed – wat natuurlik 'n tyd is van intieme gemeenskap met God.

Ek hoop die prentjie is duidelik: 3 dae van voorbereiding waartydens die volk nie die berg bestyg of aanraak nie, hulle moet seker maak hulle kinders gaan speel nie op die berg nie, hulle vee gaan wei nie op die berg nie. 3 dae waartydens hulle hulle klere was en voorberei. 3 dae van weerhouding van geslagsgemeenskap. Dan gaan die Here afdaal op die berg, dan gaan Hy aan hulle verduidelik wat dit beteken om Sy verbond na te kom, wat dit is waarna hulle moet luister en wat hulle moet doen sodat hulle Sy kosbaarste besitting in die skepping kan word, 'n koninkryk van priesters kan word, 'n heilige nasie kan word.

<u>Die Here daal op die berg neer (Eks 19:16-19)</u>

Lees Eks 19:16-19. Toe breek die derde dag aan – en die Here het op die berg neergedaal (v18). Dit het al die oggend vroeg begin: Daar was donderslae, weerlig en 'n swaar wolk oor die berg. Daar was die harde geluid van 'n ramshoring (v16) – en die geluid het algaande harder geword (v19). Die hele berg het in rook gestaan – die rook het opgestyg soos rook wat uit 'n oond kom. En die rede hiervoor was: Want die Here het in vuur op die berg neergedaal (v18). Boonop lees ons die berg was aan die

bewe (v18). Nie net was die berg aan die bewe nie – toe die volk nog in die kamp was, was hulle ook al aan die bewe (v16), en daarna het Moses hulle uit die kamp gelei na die voet van die berg (v17).

Geliefdes, dink jou die gesig in: 'n Berg bedek met 'n swaar wolk. In die wolk is daar weerlig en donderslae. Rook styg op van die berg af. 'n Ramshoring blaas – en hy blaas geleidelik al harder. Aardbewings laat die berg bewe. En die Here daal vanuit die hemel in vuur op die berg neer. Dit is eenvoudig angswekkend.

Die toneel wat hier beskryf word stem baie ooreen met die beskrywing van die Here se troon in Op 4. In Op 4:5 lees ons dat daar vanuit die troon van die Here weerligstrale, dreunings en donderslae gekom het, terwyl daar voor die troon sewe fakkels van vuur was wat gebrand het (laasgenoemde is 'n verwysing na die sewe Geeste van God, dit is die Heilige Gees). In Op 11:19 lees ons ook dat die tempel van God in die hemel geopen is, en daar was weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm. Wat die volk beleef het, was om voor die troon van God te verskyn. En hulle het gebewe!

As ons hier lees dat die Here in vuur op die berg neergedaal het, moet ons in gedagte hou waar ons al vantevore van vuur gelees het:

- In Gen 3:24 het ons gelees van die swaard wat vlam en flikker wat toegang tot die tuin van Eden en die boom van die lewe bewaak het. Sonde het afstand tussen God en die sondaar gebring. As hy as sondaar tot die Here sou nader, sou die vuur hom verbrand.
- In Gen 15:7 het ons tydens die sluiting van die verbond met Abraham gelees van die rook van 'n oond en die vuur van 'n fakkel wat tussen die stukke diere deurbeweeg het, en die doel was dat die een wat die verbond verbreek met sy lewe sou betaal. Maar daar was dit die Here wat alleen in die rook en vuur tussen die diere deurbeweeg het. Die Here het dus die verantwoordelikheid op Hom geneem om die afstand tussen Hom en Abraham se nageslag te hanteer.
- In Eks 3:5 het die Here Moses vanuit 'n brandende doringbos geroep. Weer was die Here teenwoordig as vuur – en Hy het juis aan Moses verduidelik hy moenie nader kom nie, want dit is heilige grond. Die Here is heilig – en Moses moet afstand hou tussen hom en die Here.

En nou daal die Here in vuur op die berg Sinai neer. Maar die volk moet op 'n afstand bly. Want die Here is heilig, en hulle nie. Motyer skryf hieroor, en hy sê ons moet in die vuur 'n simbool sien van die heiligheid van die Here: hierdie heiligheid van die Here is uitsluitend van aard – die onheilige volk kan nie in die teenwoordigheid van die heiligheid van die Here kom nie. Verder is hierdie heiligheid van die Here lewensbedreigend – as hulle nader sou kom, sou hulle sterf! Begin jy verstaan hoe verstommend die belofte van die Here is dat Hy hulle 'n heilige nasie wil maak? Begin jy ook verstaan dit is absoluut noodsaaklik dat hulle 'n heilige nasie moet wees as hulle hoegenaamd in die teenwoordigheid van die Here wil kom!

Maar ons lees ook van die swaar wolk wat die berg bedek het. Wat is die betekenis van die wolk? In Eks 13:21-22 het ons gelees dat die Here die volk gelei het – juis vanuit 'n wolkkolom bedags, en vanuit 'n vuurkolom snags. Die wolk het aangedui die Here is daar by hulle. In Eks 40:34 lees ons dat die wolk die tent van ontmoeting, oftewel die tabernakel, gevul het – en daarmee saam het die heerlikheid van God die tabernakel gevul. Hier in Eks 19 is die berg ook bedek met 'n wolk. Ja, aan die een kant is die Here daar teenwoordig as die absoluut heilige God, maar Hy is ook daar in Sy heerlikheid. Hy wil aan die volk soveel van Sy heerlikheid wys as wat hulle as sondaars kan hanteer. Hy verskyn in Sy heiligheid en in Sy heerlikheid – terwyl Hy die volk beskerm deur hulle op 'n afstand te hou, en Hy verskyn in simbole wat Sy heiligheid en heerlikheid uitbeeld. Hy openbaar Hom so aan

hulle, want Hy wil met hulle praat. Hy het hulle juis hiervoor na Sinai gebring – want Hy wil aan hulle verduidelik wat Hy verwag van 'n heilige nasie!

<u>Moses se derde ontmoeting met die Here op die berg (Eks 19:20-25)</u>

Lees Eks 19:20-25. Ons lees in vers 20, toe die Here na die kruin van die berg neergedaal het, het Hy Moses geroep om ook na die kruin op te klim. Geliefdes – ons moet nie die wonder miskyk nie. Die volk mog nie eens aan die berg raak nie – maar Moses word geroep om die berg op te gaan na die Here toe. Moses was tog ook 'n sondaarmens. Begin jy verstaan hoekom 80 jaar van voorbereiding nodig was voor Moses hierdie rol kon vervul? Begin jy verstaan hoe hoog die vereistes is vir die Een wat werklik as Middelaar tussen God en mens moet optree – hy moet werklik sonder sonde wees. Moses was maar net 'n tipe wat na die Here Jesus gewys het.

Ons lees Moses het opgeklim na die Here toe. Toe Moses op die berg by die Here kom, het die Here hom eenvoudig teruggestuur en gesê hy moet weereens die volk gaan waarsku om nie deur die grens om die berg te breek nie – want dan sal hulle omkom. Die Here was bekommerd dat die volk dalk uit nuuskierigheid sal wil opklim om na die Here te kom kyk. In vers 23 is Moses ietwat verbaas oor hierdie opdrag van die Here: Hy voel die volk verstaan hulle mag nie teen die berg opklim nie – immers het die Here hulle al vroeër gesê hulle mag nie opklim nie, en boonop het hulle die grens om die berg opgestel soos die Here beveel het. Maar die Here hou voet by stuk – Moses moet afgaan en hulle weer gaan waarsku. Let op die voorkomende besorgdheid van die Here – immers ken Hy die volk.

Moses moes ook nadat hy die volk weer gewaarsku het, terugkom na die Here toe, saam met Aäron, maar sonder die priesters en die volk. Dit is nie presies duidelik wie hierdie priesters is waarna verwys word nie. Ons weet dit is nie die Aäronitiese priesters nie – hulle sou eers later aangestel word. Dit kon moontlik die jong manne wees wat namens hulle families offers gebring het (Eks 24:5), of dalk die oudstes van die volk wat in Eks 18:12 saam met Moses, Aäron en Jetro in die teenwoordigheid van die Here 'n maaltyd geëet het. Vers 25 sê: Moses het dit gedoen.

Hou dit nou alles in gedagte – en dan kom Eks 20:1: "Toe het God al hierdie woorde gespreek..." en die tien gebooie volg.

<u>Toepassings</u>

Ek sluit af met enkele toepassings:

Kan ek jou vra: Is jy diep bewus van die Here se heiligheid en heerlikheid? Ons leef in 'n tyd waarin daar al hoe minder respek is vir ander mense, selfs vir mense in hoë posisies. En dit spoel ook oor na gedrag van Christene, en ook selfs na hoe Christengelowiges oor die Here praat en dink. Die Here word dikwels primêr gesien as ons Vriend, die Een wat moet gee wat ons oortuig is ons nodig het, Een met wie ons familiêr omgaan. Maar die Here is vandag steeds dieselfde Here as die Here wat op die berg Sinai neergedaal het in vuur in Eks 19. Hy is steeds die driemaal heilige God wat absoluut heerlik is. Ja, dit is so dat die volk op 'n afstand moes bly, en dit is so dat Jesus Christus 'n nuwe lewende weg geopen het waarlangs ons vrye toegang het tot die Here. Maar Hy is steeds heilig, en ons as gelowiges is steeds op die pad om heilig te word. Selfs die afgestorwe heiliges in die hiernamaals staan in verwondering en aanbidding rondom Sy troon. Het jy 'n goeie besef van die Here se heiligheid en heerlikheid?

Die volk het drie dae van voorbereiding gehad voor hulle aan die voet van die berg kon gaan staan, terwyl die Here op die berg neerdaal. Hoe lyk jou voorbereiding wanneer jy in die teenwoordigheid van die Here kom? In ons gemeente word ons van tyd tot tyd herinner aan die begin van 'n erediens

dat ons as’t ware op heilige grond kom staan – want in die erediens is ons in ‘n ontmoeting met die heilige en heerlike God. Hoe lyk jou voorbereiding vir ‘n erediens? Storm jy net in? Of is jy bewus van die heiligheid en die heerlikheid van die Here, jou verantwoordelikheid om Hom te vereer in die erediens, ook jou verantwoordelikheid om te luister na wat Hy vir jou gaan sê, en gereed om te gaan doen wat Hy van jou verwag?

Baie gemeentes het die gebruik om die wet van die Here weekliks tydens die erediens aan die gemeente voor te hou. Baie gemeentes gebruik dikwels Eks 20 of Deut 5 se beskrywing van die tien gebooie. As jy die voorreg het om dit te mag belewe, wil ek jou oproep om op te let as die wet begin lees word en die voorganger lees daardie woorde ”Toe het God al hierdie woorde gespreek...” (Eks 20:1) – as jy daardie woordjie “Toe” hoor – dink dan aan alles wat aanleiding gegee het tot daardie punt in die geskiedenis waar die Here besluit het nou is alles gereed om Sy wet aan die volk te gee: 400 jaar gelede het die Here al aan Abraham ‘n nageslag beloof wat Hy sal verlos, meer as 3 maande gelede het Hy aan Moses beloof hierdie volk sal die Here by Sinai kom dien, 3 maande gelede het die Here hulle uit Egipte verlos, sopas het hulle by Sinai aangekom, kort na hulle by Sinai gekom het, het die Here bekend gemaak waarheen Hy met die volk op pad is as hulle maar net na Hom luister en Sy verbond nakom, toe het die volk onderneem om alles te doen wat die Here gesê het, 3 dae gelede het die Here voorgeskryf die volk moet hulle heilig, want Hy kom hulle besoek, op die derde dag het die Here gekom, - en toe het Hy al hierdie woorde gespreek en verduidelik wat Hy van die volk verwag. Mag ons weer met nuwe bewondering besin oor die voorreg om die wet van die Here te hê waarin Hy definieer wat vir Hom behaaglik is.